



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 213

OM TE BELÊ IN WAT ONS SÊ... -

**UNIVERSITEIT SE ROL IN DIE VESTIGING VAN 'N MEERTALIGE
SUID-AFRIKAANSE GEMEENSAP**

Prof MM Verhoef

**Intreerede gehou op 14 November 2003,
Vaaldriehoekampus**

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Kampusregistrator
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2007 NWU

ISBN 978-1-86822-537-8

**OM TE BELÊ IN WAT ONS SÊ... -
UNIVERSITEITE SE ROL IN DIE VESTIGING VAN 'N
MEERTALIGE SUID-AFRIKAANSE GEMEENSAP**

Intreerede : 14 November 2003

Marlene Verhoef, Fakulteit Vaaldriehoek

Geagte Meneer die Viserektor en Meneer die Dekaan

Ek wil graag hê ons moet vanaand saamdink oor presies wat die implikasies is van die nuwe taalbepalings soos dit, deur wet, vir hoërondewysinstellings voorgeskryf word. Maar ek wil eintlik hê ons moet die vraag vra van die impak van die bestuur hiervan op die kernbesigheid van die universiteit is.

Deur die bank het die sogenaamde HAU'e reeds vir mekaar en die wêreld gesê dat hulle "die realiteite van 'n veeltalige samelewing en universiteitsomgewing erken" en dat dit "praktiese gestalte vind in kampusse se taalbeleide". Ook dat daar binne die veeltaligheidskonteks ruimte is vir die verskillende strategieë en modelle vir die behoud en uitbouing van Afrikaans as hoërondewystaal. En dit is nie net die standpunt oor Afrikaans deur HAU-rektore op 24 Sept verlede jaar nie, maar ook die reklameklingel vanoggend op Monitor waar die PUK sê ons belowe dat studente sal kan graadkry met lekkerkry in Afrikaans klaar kry...

In die ontrafeling van die hóé hiervan, wil ek hê dat ons na die volgende sake moet kyk:

1. As konteks, hoe lyk die universiteit as 'n taalomgewing en watter implikasies het die bestaansgrond van universiteite op die intellektualisering van tale
2. Wat die storie van Afrikaans as wetenskapstaal in hoërondewysverband is en watter rol die PU vir CHO in hierdie verband gespeel het teen die

agtergrond van die huidige mandaat dat universiteite 'n rol moet speel in die Heropbou en Ontwikkelingsplan vir die Afrikatale.

3. Hoedat die koloniseringsgeskiedenis in Afrika ons leer dat inheemse tale 'n geweldige opdraande pad loop om hul staanplek te kry as onderwystale, en watter faktore hiervoor verantwoordelik is, en laastens
4. Wat spesifiek deur universiteite gedoen moet word om daardeur by die voornemens te kry teen die agtergrond van die verklaarde voorneme dat hierdie instellings instrumenteel gaan wees om meertaligheid te laat werk in die volgende fase van die na-apartheidsbedeling in Suid-Afrika.

Wat bedoel ek as ek sê 'n universiteit is 'n taalomgewing? 'n Baie spesifieke taalomgewing? 'n Omgewing waarin gesproke, en by uitstek, geskrewe taal gebruik word om uitdrukking te gee aan die prosesse en die produkte van die kennisbedryf waarin ons staan; om in onderriglesituasies bemiddelend op te tree in die oordrag en verwerwing van kennis, van vaardighede en van houdings en leses, om so optimaal moontlik, na binne en na buite te kommunikeer.

En reeds van die promulgering van die Wet op Hoër Onderwys af in 1997 tot met die afkondiging van die Nasionale Taalplan vir Hoër Onderwys in 2002, het dit duidelik geword dat, soos taalsake in hierdie dokumente voorgeskryf word, 'n nuwe belading op instellings se bedryfsstrukture geïmpliseer word wat, het ons tot nou toe gedink, nie regtig met die kernfunksies van die universiteitswese te make het nie.

Of het dit juis alles hiermee te make? Die punt wat ek wil maak is, dat as ons dit nie as van wesenlike belang by ons kernbesigheid – die skep, verspreiding, toepassing van kennis binne die konteks van breë sosiale betrokkenheid – sien nie, gaan ons moeilikheid kry: nie net t.o.v. die bydrae wat ons tot die opkoms van 'n meertalige Suid-Afrikaanse nasie lewer nie, maar in die besonder oor ons bydrae tot die intellektualisering van die hulpbronne van Afrika.

En so kom die kwessie van optimale taalbestuur deur universiteite op die tafel as 'n saak wat nou op nasionale en institusionele vlak ontfel en uitgepak moet

word omdat die toekoms van meertaligheid in Suid-Afrika wesentlik in universiteite se hande lê.

En ook net dit leer die geskiedenis van die Afrikaanse universiteite ons. Dis hoeka Kierkegaard wat gesê het dat die lewe vorentoe gelêf moet word en agtertoe verstaan moet word! Wat lê agter Afrikaanse universiteite se rol in die intellektualisering van Afrikaans? Behalwe dat dit die enigste instellings in Afrika is waar 'n inheemse taal as werkstaal en onderrigleermedium in HO-verband gebruik word, is dit juis die bydrae van universiteite tot en bestuur van die korpus, die gebruik en die status van die taal wat gelei het tot die funksiebekleding van Afrikaans as volwaardige akademiese en wetenskapstaal.

Dit bring ons dan by die PUK se bydrae tot Afrikaans as hoërondewystaal sodat ons daaruit kan leer wat verder vorentoe gedoen kan word om funksionele meertaligheid 'n werklikheid te maak in die Suid-Afrikaanse universiteitswese.

Só sê Marthinus Postma in 1886 reeds dat dit die Voorsienigheid behaag het om Engels- en Hollandssprekendes naas mekaar in hierdie land te laat woon – daarom is dit voordelig as hulle mekaar se tale ken. Hy stel dit duidelik dat die TS/LD aan Burgersdorp Hollands as gebruikstaal gebruik, maar dat dit belangrik vir beroepsmoontlikhede is dat studente sorg dat hulle vaardig in Engels is. In 1904 lewer Ferdinand Postma sy intrede en het dit hierin in die besonder oor taal- en taalbeskouing. Lewers in 1905, so is gedokumenteer, sit die eerste Postma die taalbeleid van die TS/LD (toe reeds in Potchefstroom) uiteen. Hy sê dis belangrik dat studente Engels ken omdat die hele staats- en maatskaplike lewe in Engels is, maar waarsku hy: "Het overgedrewe practicisme in Afrika is die kanker, die alle idealisme in den wortel doet versterven ... Onthoud ons dien heerlijken teug van het idealisme niet! Geef ons een oog en een hart voor de poëzie des levens!"

SPE Boshoff het sedert 1918, buite die amptelike leerplan om, begin om "algemene kolleges" in Afrikaans aan te bied en van Maart 1919 (onthou, dis ses jaar voor die amptelike erkenning van Afrikaans!) het hy Afrikaans aan eerste- en tweedejaarstudente begin gee.

En so kom dit toe, dat, hoofsaaklik vanweë gebrek aan Hollandse handboeke, klasse in Engels en Hollands aangebied is, tot min of meer aan die einde van 1919, toe op aandrang van die studente, personeel ingespring het en self gesorg het vir die skryf van Hollandse handboeke. Toe die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys in 1919 tot stand kom, was die instelling "volslae Hollands- of Afrikaanstalig".

Teen 1930 was PUK die enigste verklaarde Afrikaanse universiteit en het dit, na berig word, nie tweetaligheidskrisisse soos die Grey Universiteitskollege, die Transvaalse Universiteitskollege en die Universiteit van Stellenbosch beleef, voordat dié instellings hul Afrikaanse karakter gekry het nie.

So sien ons dat die posisie van Afrikaans as akademiese en wetenskapstaal o.a. daarvan kom dat die PUK, nog vóór die amptelike erkenning van Afrikaans, reeds Afrikaans as vak aanbied, en vyf jaar na die amptelike erkenning van Afrikaans, in 1930, die enigste verkláarde Afrikaanse universiteit in die land is wat intern en ekstern in Afrikaans kommunikeer, Afrikaans vir onderrigleergeleenthede gebruik en meewerk om handboeke in Afrikaans geskryf te kry en navorsing doen in Afrikaans.

Kom ons dan by die nuutste herstruktureringsinisiatiewe in die Suid-Afrikaanse hoëronderriglandskap en ons begin by Julie 2001 se taalbeleidsraamwerk, sien ons daarin dat 16 van die 21 SA universiteite net Engels as werks- en onderrigleermedium gebruik en dat die oorblywende vyf ook nie uitsluitlik Afrikaans as werks- en onderrigleermedium nie, maar dat by geeneen van die 21 universiteite Afrikatale as werks- en onderrigleermedium gebruik word nie. En, staan dit in die dokumente, word die waarneming gemaak, dat dit 'n kommerwekkende tendens is dat studente in die Afrikatale oor die afgelope jare afgeneem het en word aangedui dat *SA universiteite nie genoeg doen vir die beplande opheffing van die Afrikatale nie*.

Kyk net hoe word die taalsaak meteens, van bo, deel van enige Suid-Afrikaanse universiteit se kernbesigheid.

Ter ondersteuning wil ek sê dat die Puk net kan bydra tot die daarstel van 'n meertalige omgewing (al word die posisie van Engels en Afrikaans bevestig) met die uitsluitlike oogmerk om alle Suid-Afrikaanse tale tot akademiese en wetenskaplike tale te ontwikkel, as dit 'n wesentlike deel van die navorsingswerkzaamhede van verskillende fokusareas se programme word; as daar sorgvuldig en deeglik beplan word om dit deel te maak van die onderrigleergeleenthede, en as daar strukture bestaan om dit deel van die administratiewe bedryfsake te maak.

Maar voor ons selfs by die uitwerk hiervan kom, is dit dalk nou noodsaaklik om eers te kyk hoe lyk die taalklimaat in die hoërondewyssektor in Suid-Afrika. Veral op die vooraand van die implementering van hierdie nasionale taalplan en die verbesondering daarvan in die institusionele planne van die verskillende nuwe hoërondewysinstellings. Eers as ons hier bestek opneem, kan ons op 'n manier plan maak om te weet watter onmiddellike taalbeplanningsuitdagings daar vir ons voorlê in die strewe na die daarstelling van 'n volledig funksionele meertalige hoërondewysomgewing.

Daarom moet ons eers vra tot watter mate die hoërondewyssektor in Suid-Afrika, tesame met die verskillende taalgemeenskappe, toegerus én bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar vir die sosiale, kulturele, intellektuele en ekonomiese ontwikkeling van meertaligheid, nog vóórdat ons kom by die gelyktydige ontwikkeling van alle Suid-Afrikaanse tale tot akademiese/wetenskaplike tale, terwyl verseker word dat die bestaande werkstale en onderrig-leermedia nie toegang en sukses belemmer nie..

Só staan dit in die Nasionale Taalplan vir Hoër Onderwys:

Par 6: The challenge facing higher education is to ensure the development of a multilingual environment in which all our languages are developed as academic/scientific languages, while at the same time ensuring that the existing languages of instruction do not serve as a barrier to access and success.

Par 18.1: *The Ministry recognises the important role of higher education in the promotion of multilingualism for social, cultural, intellectual and economic development*

Nog voordat ons hier kan antwoord, moet ons eers kyk hoe dit in die res van Afrika gesteld is – hoe taal-in-onderwyssake daar hanteer word en watter rol die koloniale tale daar speel.

Die uitspraak van die bekende Oos-Afrikaskrywer, Ngūgĩ wa Thiong'o, is tekenend in die verband. Hy het bekendheid verwerf vir sy Engelse letterkundige werke, maar verkies nou om in sy moedertaal, Gikuyu, te skryf.

"The choice of language and the use to which language is put is central to a people's definition of themselves in relation to their natural and social environment, indeed in relation to the entire universe. Hence language has always been at the heart of the two contending social forces in the Africa of the twentieth century. African countries, as colonies ... came to be defined and to define themselves in terms of the languages of Europe: English-speaking, French-speaking or Portuguese-speaking African countries..."

Ngūgĩ wa Thiong'o (1986:4 - 5)

Hier sien ons nou dat dit by taalgemeenskappe se (1) selfdefinisie in verhouding tot hulle natuurlike en sosiale omgewing eintlik gaan om (2) taalkeuses wat gemaak word en gepaardgaande taalfunksies wat aan 'n taal/tale toegeken word. En terwyl die begrippe *taalkeuse* en *voorkeurtaal* inderdaad sentraal staan tot die taal-in-onderwyskwestie in Afrika, mag dit die moeite loon om presies te kyk hoedat die kontinent hierdie saak hanteer het wanneer ons dit het oor die rol wat universiteite te speel het in die vestiging van 'n funksionele meertalige Suid-Afrika.

Hoewel daar oorvloedige bewys is dat die sogenaamde koloniale tale deesdae steeds primêr as onderwysale in Afrika gebruik word (kyk Mawasha, 1986:25, Phillipson, 1992:111, Adegbiya, 2001:285, Webb, 2002:186) was dit

inderwaarheid só dat in die kolonisasietydperk voor 1960, Afrikatale 'n pertinente rol as onderrigleer-media en as skoolvakke bekleed het (Kashoki, 1993:143-145).

Die African Education Commission verklaar reeds in 1925 dat alle mense 'n onvervreembare reg tot hul eie taal het omdat dit geleentheid bied tot selfaktualisering. Hulle voer aan: "no greater injustice can be committed against a people than to deprive them of their own language" (kyk Kashoki, 1993:144). En só word daar in 1925 deur die Phelps-Stokes Fund aanbeveel dat moedertaalonderrig wesenbelangrik is in die onderwys (Phillipson, 1992:118).

Die voorkeurposisie van die verskillende moedertale in Afrika word in hierdie selfde tydperk bevestig deur ander gesaghebbende liggame wat met taalbeplanning in Afrika te make het – o.a. die International African Institute, die UNESCO-verklaring van 1953 en die Organisasie vir Afrika-eenheid (Kashoki, 1993:145, Phillipson, 1992:125 e.v.).

Maar toe kom 1961 se Statebondskonferensie by die Makerere Universiteit in Uganda waar besluit is dat inheemse tale nie meer sou deug as onderwystale nie. Hierdie konferensie word allenweë as 'n waterskeiding gesien vir die hele taal-in-onderwyskwessie in Afrika (Phillipson, 1992:66, 183).

Die vyftal beginsels waarop die afgevaardigdes tot hierdie konferensie ooreengekom het, het bepaal dat Afrikaleerders so gou as moontlik in hulle skoollewe met Engels as onderrigleermedium moet kennismaak; dat, hoe meer Engels hulle hoor, hoe beter hulle skooluitslae sal wees; dat Engels net deur moedertaalonderwysers onderrig moet word; dat die aanleer van Engels net deur medium van Engels mag geskied, en dat, indien ander tale ook dikwels gebruik word, dit die standaard van die Engels negatief sal beïnvloed. (Kyk Phillipson, 1992:185; Kashoki, 1993:143.)

Dit lê bepaald buite die doel van hierdie rede om in te gaan op die implikasies van elkeen van hierdie aannames op die toegepaste taalkunde se onderliggende teoretiese vertrekpunte en het net die verwysings ingesluit om aan te toon dat dinge vir moedertaalonderrig in Afrika na die Makerere-konferensie nooit meer dieselfde was nie.

Benewens die invloed van die uiters komplekse taalpolitiese omgewing op die taal-in-onderwys-omgewing in Suid-Afrika die veertig jaar voor 1994, is dit gewoon so dat Engels 'n redelik natuurlike voorkeurtal geword het vir baie Suid-Afrikaners. Só toon prof Abraham Mawasha (1986:21) van die UNIN aan dat swart Suid-Afrikaners voorkeur het vir Engels as onderrigleermedium en *they were loath to have it replaced with African languages* – veral in die grondslagonderwysfase.

Hy sê swart Suid-Afrikaners is tevrede met die *sterkte* en *uitdrukkingsvermoë* van Engels, met die seggingskrag daarvan in die wetenskap en die tegnologie, met die *doeltreffendheid* waarmee in Engels oor *taal- en kultuurgrense* heen gekommunikeer kan word, met die ontsaglike groot ryk en *wye literatuurskatte* oor baie eeue heen en die *internasionale toepassingswaarde* van die taal (Mawasha, 1986:21).

En dit, ondanks bevindinge deur die leidende Afrikataalsosioloog, Bamgbose (1996) dat, in plaas daarvan dat Afrika dit in die post-koloniale tydperk regkry om die geletterdheidsvlak op te skuif en die deurvoersyfer van leerders te verhoog, ons in Afrika beweeg na 'n situasie waar 50% van leerders met 'n skoolgaande ouderdom nie eens op skool is nie. Bamgbose se verklaring hiervoor is dat die feit dat die onbekendheid van die onderrigleertaal afskrikwaarde het.

Toe Engels die enigste onderrigtaal in Zambië na onafhanklikheid geword het, het grootskaalse uitvalsyfers in die eerste skooljare voorgekom, het 'n massiewe sosiale gaping ontstaan tussen diegene wat kan Engels praat en die wat nie die taal bemeester nie en, sedert onafhanklikheid, het 'n aantoonbare verlaging in die funksionele vaardigheidsvlakke in Engels in Zambië gemanifesteer (Tripathi, 1990).

Hoewel ongekontroleerd, bestaan 'n sterk moontlikheid dat wat vir Zambië waar is, waarskynlik ook van SA waar kan wees.

As ons dit dan het oor die universiteitswese is dit interessant om kennis te neem van die feit dat universiteite in Afrikalande wat uit Britse kolonies ontwikkel het, se Afrikataaldepartemente, eers lank na die vestiging van Europese

taalleerstoele tot stand gekom het (Phillipson, 1992:124 e.v.). Dit lyk ook verder of daar geen enkele universiteit op die vasteland bestaan waar die werkstaal en onderrigleermedium 'n Afrikataal is nie.

As dit van Afrika en die gebruik van Afrikatale waar is, wat dan van SA universiteite se rol met betrekking tot meertaligheid

Binne hierdie taaluitdaging mag dit goed wees om te hoor wat NP Van Wyk Louw – en moenie sy taalsosiologiese werk onderskat nie! – reeds in 1933 in 'n *Huisgenootartikel*, oor sosiale verandering en taalvitalisering te sê het. Hy sê 'n taal moet materiële waarde hê, dit moet 'n sosiologiese en ekonomiese dryfveer hê. En dit lê daarin dat tale bly slaag daarin om aan die reële en vitale behoeftes van taalgemeenskappe te voldoen; anders versand die tale en loop hulle dood. Eintlik is taalvitalisering ten diepste die sosialisme van ontwikkelende gemeenskappe! **Kyk Louw 97/63-4**

Dit bly dus 'n sosiale ding waardeur individue menswaardig en met 'n "reg op 'n eie ontwikkelingsrigting" behandel word (kyk Steyn, 1998:109). Van Wyk Louw sê dat dit eintlik om 'n "sosiale gewete" gaan en dat dit 'n mistasting is om te dink dat óf wetgewing, óf 'n laatmaargaanhouding alleen gaan sorg dat 'n taal en sy taalgemeenskap sal oorleef.

Sosiale groei vind plaas van binne en van buite en oplossings is nie enkelvoudig nie, sê hy.

Die hele saak rondom taalvitalisering is so kompleks dat daar selfs geen finale oplossing is nie, net maar 'n reeks oplossings waarvan net die rigting en die taak omlin is. Sê NP van Wyk Louw: "Wat gedoen kan word, is net die aantoon en die ontleding van die misstande met hulle naaste oorsake, die aantoon van die volgende stap op daardie weg van oneindige oplossings en die opwek van die sosiale gewete tot verantwoordelike besef en erns." (Kyk Steyn, 1998:109.)

En al haas ek my om te sê dat Van Wyk Louw, soos ons almal, kind van sy tyd was, sien ek duidelike rigtingwysers wat ook nou in hierdie tyd van sosiale opheffing in Afrika van kardinale belang is.

En dis hier waar die uitdaging vir hoëronderwysinstellings lê. Behalwe dat dit tans ook om méér as taal gaan, gaan dit inderdaad nou daarom dat Suid-Afrikaanse universiteite in die 21e eeu met dieselfde sensitiviteit, kundigheid en toewyding waarmee gewerk is om Afrikaans as hoëronderwystaal gevestig te kry, te kapitaliseer op hierdie ervaring, en met behoorlike beplanning alles in te sit sodat meertaligheid vir sosiale, kulturele, intellektuele en ekonomiese doeleindes in SA ontwikkel kan word.

Inderdaad soos Van Wyk Louw in sy kommentaar op die Carnegieverslag aantoon, om die "opwek van die sosiale gewete tot verantwoordelike besef en erns." En, sê hy later, na bewering, in 1957 dat 'n taalvitaliteitsbeweging net kan slaag as die gemeenskap wat dit praat ook self ekonomies vorentoe wil gaan (Steyn, 1998:796).

Die vraag wat die universiteitswese homself in hierdie verband moet afvra, is tot watter mate ons bereid is om te belê in wat gesê is tot watter mate daar operasionele wil is om inhoud aan die politieke intensies en modewoorde te gee ... tot watter mate dit moontlik is om gestalte te gee aan die visie om werklike eenheid (belyning en koherensie) te midde van die diversiteit van verskillende tale en gemeenskappe en kampusse te bewerk.

Om terug te kom by Van Wyk Louw: as hy sê dat maatskaplike uitdagings (waarvan taal een is) nooit 'n enkele oplossing het nie, maar 'n oneindige reeks oplossings in 'n bepaalde rigting,

dan beteken dit vir die universiteitswese dat die enigste rigting om in te slaan een is waarin ons onself deursigtig en openlik verklaar tot die sosiale, kulturele, intellektuele en ekonomiese ontwikkeling van meertaligheid in Suid-Afrika.

Dis tegelyk hoe eenvoudig én hoe kompleks dit is.

As die nuwe Noordwes-Universiteit dan sê dat die Raad en Senaat van die instelling 'n taalbeleid vir hierdie nuwe instelling sal ontwikkel wat (a) deeglik rekening hou met die statutêre bepalings in hierdie verband, wat (b) buigsaam en funksioneel sal wees en op die bevordering van meertaligheid gerig is, wat (c) toegang, integrasie, eienaarskap in die oog het, wat (d) die taalongelykhede van die verlede uit die weg sal ruim, en wat, les-bes, (e) kampuspesifiek geoperasionaliseer word nadat dit die taalbehoefte van die belanghebbendes en die taalwerklikheid in berekening bring, is dit eenvoudig wat ons moet begin doen. (Kyk Dokumentasie van die JOT en Taakspanne, 13 Aug 2003, p. 4.)

En om hierby te kom, beteken dit die bevordering van meertaligheid moet (a) verklaarde strategiese prioriteit van hoërondewysinstellings wees en as sodanig (b) as inherente deel van die kernbesigheid van die instellings gesien word. Inkoop dwarsoor die spektrum van die instelling se bestuur, dwarsoor die onderskeie kampusbesture, dwarsoor die akademiese, die navorsings- en administratiewe bedrywigheid.

Kom ons gee praktiese gestalte hieraan by wyse van 'n oorhoofse taalstrategie vir hoërondewysinstellings wat afgebreek word in kleiner haalbare doelwitte.

Oorkoepelende taalstrategie vir 'n instelling soos die nuwe Noordwes-Universiteit – in korrelasie met die Nasionale Taalplan vir Hoër onderwys – moet wees:

- Die gelyktydige ontwikkeling van alle Suid-Afrikaanse tale tot akademiese/wetenskaplike tale, terwyl verseker word dat die bestaande werkstale en onderrig-leermedia nie toegang en sukses belemmer nie.
- Dit geskied teen die agtergrond van die rol wat hoërondewysinstellings te speel het in die sosiale, kulturele, ekonomiese en intellektuele ontwikkeling van meertaligheid in SA.
- Watter taalprobleme moet dwarsoor die spektrum opgelos word?
 - Persepsie dat net Engels gelyk is aan sosiale opwaartse mobiliteit, enigste taal wat kan bemagtig.

- Persepsie dat inheemse tale geen instrumentele waarde het nie, nie geskik is vir hoëfunksieaktiwiteite (soos tersiêre omgewing) nie.
 - Persepsie dat die regering - ondanks statutêre bepalings - nie ernstig is oor meertaligheid nie, dat PANSAT geen afdwingbare mag het nie.
- Hoe maak universiteite dit deel van hulle kernbesigheid?
 1. Begin deur meertaligheid sigbaar te maak aan die instelling – kommunikeer konsekwent intern en ekstern op meertalige wyse. Dit is 'n maklike doelwit, maklik meetbaar en het onmiddellike gevolg.
 2. Sorg dat daar grondige navorsing oor al die aspekte hiervan gedoen word – sosiale impak, intellektualisering van die Afrikatale, ekonomiese waarde. Dit gee legitimiteit aan die operasionalisering omdat dit basiese navorsing en navorsing in toepassing is. Daarby vorm dit die wese van die kennisbedryf waarin universiteite staan.
 3. Populariseer die navorsingsuitkomst. Hierdie doelwit speel 'n uiters belangrike bewusmakingsrol in die onmiddellike, nasionale en internasionale gemeenskap.
 4. Ontwikkel meertalige sagtewareprogramme gegrondves op navorsing: taalleerprogramme, spel- en grammatikatoetsers, woordeboeke, onderskrifprogramme. As produkte te koop aangebied word, kan mense dit begin gebruik en aan eie lyf ervaar hoe bemagtigend meertaligheid is.
 5. Lei, in samewerking met professionele vereniging, meertalige taalpraktisyns op: tolke, vertalers, teksredakteurs, oudiovisuele vertalers. Dit is meertaligheid in aksie; dis dienslewering; dis netwerking en daar's kwaliteitskontrole en akkreditering betrokke.

6. Begin na afloop van behoorlike haalbaarheidstudie gewoon met klasse in verskillende tale.
7. Raak betrokke by skryf van meertalige handboeke.
8. Maak meertaligheidsvaardighede voorvereiste vir aanstellings.
Dink net watter aansporing dit gaan wees om mense aan te moedig om te leer Setswana en Sesotho en IsiZulu praat!
9. Leer opvoeders hoe om inheemse tale as onderrigtale te gebruik en leer hulle meertaligheid as onderwysstrategie gebruik. Kan jy dink hoe optimaal die onderrigleergeleenthede gaan wees en hoe leerders gaan leer selfstandig dink as hulle nie meer nodig het om hulle op papegaaierwerk te verlaat nie.
10. Kry vennote wat meehelp om navorsingsuitsette van gehalte in die inheemse tale te bekroon –ek bedoel nie 'n afsonderingsposisie vir die inheemse tale nie, maar in globale konteks. En dis nie net 'n aansporing tot uitnemendheid nie, maar gee ook geleentheid vir hoëfunksieontwikkeling van die tale.

Ek gee dadelik toe dat nog baie verfyning en beplanning moet ingaan in die werklike vestiging van 'n ware meertalige hoëronderwysbedeling in ons land. Tog lyk dit vir my ook of daar duidelik nie omdraaikans gaan wees op die pad wat ingeslaan is nie. U weet dat die ministeriële taakspan reeds aangestel is om ondersoek te doen na die posisie van die inheemse tale in hoëronderwysverband en dat hulle reeds met hulle dataversamelingsfase begin het.

Hoër Onderwysinstellings in Suid-Afrika sal hulle waarskynlik steeds kan verlaat op die geskiedenis van die hoëronderwyssektor in Afrika en in alle ander oud-kolonies en in die net-Engels-opsie kan opgaan.

As instellings, daarenteen, fyn ingestel is om hulle taalplanne te belyn met wat op nasionale vlak geïmpliseer word, en wat in die spesifieke institusionele beleid gesê word – in die besonder ook wat die tersiêre posisie van Afrikaans as

inheemse taal betref – dan weet ons dis nou tyd om met strukture en aksieplanne en hulpbronne te belê in wat ons sê. Dit het nou, soos nog nie vantevore in die taalgeskiedenis van hierdie land nie, tyd geword om taalbestuur by universiteite net so ernstig soos finansiële bestuur en personeelbestuur op te neem. Onthou, as Van Wyk Louw sê dat taal altyd die reële en vitale draer van taalgemeenskappe se behoeftes moet wees, bedoel hy daarmee dat taal 'n lewendige instrument is wat mense gebruik om in te droom en in te dink en in te bid en in te redeneer en in ideale te koester en in te koop en in te leer en in te speel....

Die tyd in Suid-Afrika is min om die verskeidenheid tale die reële en vitale draer van hul taalgemeenskappe se behoeftes te maak. En omdat die PUK so daadwerklik betrokke was by die opheffing van Afrikaans as tersiêre taal, is die kundigheid inderdaad hier om dit ook, saam met Afrikaans vir die Afrikatale in ons streek reg te kry.

Hoewel daar reeds sulke inisiatiewe in Suid-Afrika aan die gang is – dink maar aan wat US, UVS reeds in hierdie verband gedoen het en die voorstelle wat reeds aan die PUK-bestuur gemaak is, en ook die jongste totstandkoming van 'n oorkoepelende taakspan wat saam kyk na die driejaarrolplanne van HOI se taalplanne. Desondanks kan daar sonder vrees vir teësprak gesê word dat die hoërondewysinstellings in Suid-Afrika se toegewyde werk in hierdie verband maar skaars begin het. Die Afrika Unie met sy droom van 'n Afrika Renaissance en NEPAD is wesentlik verlore sonder 'n taalrenaissance.

Soos met Afrikaans, het ons universiteite met toewyding en daadkrag en oortuiging nodig om ons drome vir 'n meertalige bedeling in aksiestappe te vertaal en die implementering daarvan te monitor.

As die PUK dan, soos met die advertensiekringel vanoggend op Monitor, steeds oor vyf jaar wil sê *die PUK is die plek waar ons graadkry met lekkerkry in Afrikaans klaarkry*, dan is dit nou die tyd dat ons ons rande en mense materiaal en strukture belyn met hierdie visie. Ek hoop dat ons met hierdie agtertoe- en vorentoe kyk, vanaand, besef daar's verskriklik baie werk wat wag.

BRONNELYS

- ADEGBIJA, E. 2001. Saving Threatened Languages in Africa: A Case Study of Oke. In Fishman, J.A. (ed) *Can Threatened Languages Be Saved? Reversing Language Shift, Revisited: A 21st Century perspective*. Clevedon, UK: Multilingual Matters. pp. 284-308.
- BAMGBOSE, A. 1996. African Language Situation and its Implications for Language Planning and Education. Panafrican Seminar on The Problems and Prospects of the use of African National languages in Education, 26-30 August, Accra, Ghana.
- KASHOKI, M.E. 1993. Some thoughts on future language policy for South Africa. With reference to the Language Plan of Action for Africa. In: Herbert, R.K.. (ed) *Not with one mouth. Continuity and change in Southern African Language Studies*. African Studies. C.M. Doke Centenary. 52(2) : 141-162
- MAWASHA, A.L. 1986. Adopting the son of the conqueror-English in Africa. S. T. *Plaatje Memorial lecture*. Mafikeng : University of Bophutatswana.
- NGUGI WA THIONG'O. 1986. *Decolonising the Mind: The Politics of Language in African Literature*. London : James Currey.
- PHILLIPSON, R. 1992. *Linguistic Imperialism*. Oxford : Oxford University Press.
- STEYN, J.C. 1998. *Van Wyk Louw : 'n Lewensverhaal. Deel I en II*. Kaapstad: Tafelberg.
- TRIPATHI, P.D. 1990. English in Zambia: The nature and prospects of one of Africa's 'new Englishes'. *English Today*, 6(3): 34-38.
- WEBB, V.N. 2002. *Language in South Africa*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Co.